Blaai af vir die **Afrikaanse** weergawe van hierdie dokument

# FACULTY OF MEDICINE AND HEALTH SCIENCES

# STELLENBOSCH UNIVERSITY

## DEALING WITH STUDENTS WITH ALLEGED SUBSTANCE ABUSE

**The motivation behind this guideline is provision of support:**

1. As a health sciences student, you are already bound by the rules of your particular professional board. http://www.hpcsa.co.za/Professionals/FitnessToPractice
2. Your profession and substance abuse are irreconcilable and if you are guilty of such, you are unfit to practice.
3. In light of the above, you are thus compelled to report yourself or fellow students in case of alleged substance abuse.
4. Professional conduct is not only a requisite of the work situation. It is continuous conduct, at home and in all other social situations.
5. Patients should be protected against potentially compromised health workers.
6. Substance abuse is deemed the use of all illegal substances, the abuse of alcohol and the abuse of script medication and/or over the counter medication.
7. Be aware of the SU disciplinary code for students in terms of possession of alcoholic and/or illegal substances (http://www.sun.ac.za/english/policy/Policy%20Documents/C4_SU_Disciplinary_Code_2016_09_26.pdf).

What should you do? It is your duty to report yourself or any fellow student to the office of the relevant programme coordinator.

**What is the next step?**

1. Your programme coordinator will contact and see you, and arrange an appointment for you with Campus Health Services (CHS). You will be referred to CHS for evaluation and such evaluation may include urine toxicology, and in the case of alcohol a breathalyser test or a full blood count and liver function tests.
2. Should the CHS establish that you do not have a substance abuse problem, the case will be deemed closed and nothing will be placed on your personal file.
3. Should you indeed test positive for a prohibited substance or evidence of alcohol abuse is present, or if there is evidence of script medication or over the counter medication abuse, you will be given the opportunity to decide on evidenced based treatment of your choice and you will be subjected to random urine toxicology for at least a period of six months, or for the rest of your study period should the university deem it necessary and to your benefit.
4. If you can prove abstinence over the next six months, the case will also be deemed closed

and nothing will be placed on your file, but the university reserves the right to do random testing for the rest of your study period.

5. Any absenteeism or non-fulfilment of your clinical duties during your block rotations would be seen as a relapse. If you cannot provide your programme co-ordinator with a valid sick certificate or valid written proof detailing the reason for the non-fulfilment of your duties.

6. If you cannot prove abstinence over the six month period, or relapse at any time thereafter, you will be referred to the faculty's Internal Health Committee (IHC). (See faculty guidelines for potentially impaired student.) The IHC will evaluate each case individually and propose further treatment. If necessary, the IHC may also recommend that you suspend your studies temporarily. At this point the IHC has an obligation to inform your particular professional board as to your status. This information will at all times be treated confidentially but will reflect in your personal file.

7. The professional board will normally accept the recommendation made by the IHC. http://www.hpcsa.co.za/uploads/editor/UserFiles/2014%20Guidelines%20for%20the%20management%20of%20impaired%20students.pdf

**Your responsibilities as student**

1. To take ownership of the illness and the recovery process
2. To identify an accountability partner
3. To take ownership of your future
4. To uphold and respect the norms and values of your profession

Any person reporting a colleague:

1. has certain responsibilities
    - Submit report in writing
    - Provide as much evidence as possible
    - If possible provide written corroboration from a 3rd party
2. Will have their anonymity protected

Approved: CUT, 1 October 2019

# FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

## HANTERING VAN STUDENTE BY BEWEERDE MIDDELMISBRUIK

**Die dryfkrag agter hierdie riglyne is om jou te ondersteun:**

1. As student in die gesondheidswetenskappe word jy reeds deur die reëls van jou bepaalde professionele beroepsraad gebind: http://www.hpcsa.co.za/Professionals/FitnessToPractice.
2. Jou beroep is onversoenbaar met middelmisbruik, want as jy ’n middel misbruik, is jy onbevoeg om te praktiseer.
3. In die lig hiervan is dit dus jou plig om voorvalle van vermeende middelmisbruik aan te meld, ongeag of jy self of (’n) medestudent(e) dit misbruik het.
4. Professionele gedrag word nie net in werksituasies vereis nie. Jy moet deurlopend getrou aan jou beroep optree, ook tuis en in alle sosiale situasies.
5. Pasiënte moet beskerm word teen gesondheidswerkers wie se bevoegdheid moontlik belemmer is.
6. Dit word as middelmisbruik beskou wanneer iemand ’n onwettige middel **gebruik**, of alkohol of medikasie – hetsy op voorskrif of oor die toonbank bekom – **misbruik**.
7. Vergewis jou van die bepalings in die US se Dissiplinêre Kode vir Studente oor die besit van alkohol en onwettige middels: (http://www.sun.ac.za/afrikaans/policy/_layouts/15/WopiFrame.aspx?sourcedoc={94FFE026-55C6-432A-811F-8265E9BB65D9}&file=C4_US_Dissiplinere_kode_Afrikaans_2016-09-26.pdf&action=default).

**Wat word van jou verwag?** Dit is jou plig om jouself of enige medestudent(e) by die kantoor van die betrokke programkoördineerder aan te meld.

**Wat is die volgende stap?**

1. Die programkoördineerder sal jou kontak, met jou gesels, en dan vir jou ’n afspraak by Kampusgesondheidsdiens (KGD) reël. Die verwysing na die KGD is vir evaluering met behulp van toetse vir, byvoorbeeld, urientoksikologie en – in die geval van alkoholmisbruik – ’n asemklikkertoets of ’n volbloedtelling en lewerfunksietoets.
2. As die KGD bevind dat jy nie ’n probleem met middelmisbruik het nie, word die saak as afgehandel beskou en word daar niks op jou persoonlike lêer vermeld nie.
3. As jy wel positief vir ’n verbode middel toets, of daar is getuienis dat jy alkohol of medikasie – hetsy op voorskrif óf oor die toonbank bekom – misbruik, sal jy geleentheid kry om die

bewysgebaseerde behandeling van jou keuse te ondergaan. Dit behels dat jy vir ’n tydperk van minstens ses maande tot onaangekondigde urientoksologietoetse instem. As die Universiteit dit nodig ag en reken dit sal tot jou voordeel wees, kan die toetse vir die res van jou studietydperk uitgevoer word.

4. As jy kan bewys dat jy jou in die ses maande na die voorval van middelmisbruik weerhou het, sal die saak ook as afgehandel beskou en niks op jou persoonlike lêer aangeteken word nie. Die US is wel geregtig om onaangekondigde toetse op jou uit te voer solank jy nog ’n ingeskrewe student is.
5. In geval van alkoholmisbruik sal enige afwesigheid of versuim van jou kliniese verpligtings tydens rotasies beskou word as getuienis dat jy teruggeval het, tensy jy jou programkoördineerder kan voorsien van ’n geldige siektesertifikaat of ’n geldige skriftelike opgaaf van redes wat jou pligsversuim verklaar.
6. As jy nie kan toon dat jy jou gedurende die ses maande van middelmisbruik weerhou het nie, word jy na die Fakulteit se Interne Gesondheidskomitee (IGK) verwys. (Sien die Fakulteit se riglyne vir die hantering van moontlik belemmerde studente.) Die IGK sal elke geval individueel evalueer en verdere behandeling voorstel. Indien nodig, mag die IGK ook aanbeveel dat jy jou studies tydelik opskort. Op hierdie punt in die proses is die IGK verplig om jou status ook aan jou bepaalde professionele beroepsliggaam bekend te maak. Hierdie inligting sal altyd vertroulik hanteer word, maar dit word in jou persoonlike lêer aangeteken.
7. Die professionele raad aanvaar gewoonlik die IGK se aanbeveling http://www.hpcsa.co.za/uploads/editor/UserFiles/2014%20Guidelines%20for%20the%20management%20of%20impaired%20students.pdf

**Jou verantwoordelikheid as student**

1. Aanvaar eienaarskap van die siekte sowel as die herstelproses.
2. Besluit op iemand teenoor wie jy tydens die proses verantwoordbaar gaan wees.
3. Aanvaar eienaarskap van jou toekoms.
4. Handhaaf en respekteer die waardes en norme van jou beroep.

**Aan enigiemand wat ’n kollega aanmeld:**

1. Dit lê sekere verpligtings op jou:
    - Jy moet ’n skriftelike verslag inlewer.
    - Jy moet soveel moontlik bewyse lewer.
    - Indien moontlik, moet jy skriftelike bevestiging deur ’n derde party verskaf.
2. Ons sal jou anonimiteit beskerm.

Goedgekeur: KVO, 1 Oktober 2019